



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

FEBRUARIE/MAART 2009

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (VRAAG 1, 2, 3 en 4)	(30 punte)
AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 5)	(10 punte)
AFDELING C: TAAL (VRAAG 6 en 7)	(40 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde in die middel van die bladsy.
4. Trek 'n streep na elke afdeling.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

- Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

HOU DIE BLINK KANT BO

1. Tshepo (in Sotho “betroubare een”) het na skool by ’n lugdiens as klerk begin werk. Toe Tsepho nie gekeur is om opgelei te word as ’n vlieënier nie, het hy self vir vlieglesse betaal. Tsepho het agtergekom dat dit hom verveel om te vlieg. Sy volgende opsie was die sakewêreld. Tsepho het toe hoenders, daarna eiers en nog later selfone verkoop. Niks wou werk nie! Eendag het hy iemand gesien wat sit en skoene skoonmaak. Dié persoon het geen probleme met kontant gehad nie!
2. Dit het Tshepo nie lank geneem om twee en twee bymekaar te sit nie! ’n Lughawe sou die ideale plek vir só ’n diens wees. Dit het tien maande geneem om toestemming te kry om sy besigheid by Kaapstad-lughawe te begin en twee en ’n half jaar vir OR Tambo-lughawe. Sy grootste struikelblok was om kapitaal te leen, maar hy het uiteindelik sukses behaal. Vandag het hy twaalf skoenpoetsers in sy diens.
3. Hy het gesukkel om sy werkers te leer hoe om goeie klantediens te lewer. Tshepo sê skole lewer nie matrikulante wat suksesvol kan kommunikeer nie. Hy het daarom sy besigheid uitgebrei en het begin om ook motiveringspraatjies te hou vir jongmense wat begin werk. Hy sê hulle moet eers verstaan wie hulle is en vertrou in hulleself hê. Jongmense moet ook leer om kreatief te wees sodat hulle struikelblokke kan oorkom – ook in die sakewêreld. Hopelik gaan die nuwe kurrikulum leerders oplei om beter diens te kan lewer.
4. Tshepo sorg dat hy altyd weet wat in die politiek en ekonomie aangaan en dat hy oor sportsoorte soos rugby, krieket en Formule Een-motorwedrenne kan gesels. Dis die geheim van ’n goeie skoenpoetser: om met die klant te kan kommunikeer oor sake wat die klant interesseer. Tshepo is verder ook die trotse wenner van die *Sanlam Money Game* asook die *SAB Kickstart*-entrepreneurswedstryd.
5. Gedurende die week fokus sy besigheid op persone wat swart leerskoene dra. Naweke trek reisigers jeans en tekkies aan en daarom moes hy ’n nuwe plan maak om klante te lok. Nou kan klante heerlijk in ’n masseerstool sit en ontspan. Sy toekomstdrome is om sy besigheid na al die lughawens in Suid-Afrika uit te brei en hy het ook planne vir die buiteland: New York, Engeland en Asië.

[Verwerk uit: *Insig*, Augustus 2006]

WOORDEBOEKGEBRUIK

be•trou’baar b.nw. 1 Wat vertrou kan word: *Betroubare vriende*. 2 Wat jy kan glo: *Betroubare nuus, berigte*. Eng.: reliable. IsiZulu: ukuthembeka. Sesotho: ikanyega.

ver•veel’ ww. 1 Moeg maak deur oninteressant te wees, te lank te praat, ens.: *Die spreker verveel sy gehoor*. 2 Niks hê om te doen nie: *Ek is nog skaars afgetree en ek verveel my al*. Eng.: bore; be bored. IsiZulu: isithukuthezi; isizungu. Sesotho: bodutu.

strui’kel•blok s.nw. Belemmering, beletsel, hindernis: *’n Struikelblok uit die weg ruim*. Oral *struikelblokke sien*. *Iemand ’n struikelblok in die pad lê*. Eng.: stumbling block. IsiZulu: yingqinamba. Sesotho: sekgorletsisi.

mas•seer’ ww. (gemasseer) Die sagte liggaamsdele met die hande of met rolle knie, vrywe of klop om die bloedsomloop te bevorder. Eng.: massage. IsiZulu: ukuwotawota. Sesotho: otholla.

[Uit: *HAT* en *TWEETALIGE WOORDEBOEK*]

VRAE:

- 1.1 Voltooi: Die naam Tshepo beteken dat hy 'n ... persoon is. (1)
- 1.2 Watter EEN WOORD bewys dat Tshepo sy belangstelling in vlieg verloor het? (1)
- 1.3 Waarom het Tshepo skoene begin poets? (1)
- 1.4 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.
- As Tshepo **twee en twee bymekaar sit** (paragraaf 2), beteken dit dat hy ...
- A 'n slim plan maak.
B gou somme maak.
C verstaan hoe dit werk.
D vier mense aanstel. (1)
- 1.5 Wat was die grootste probleem (paragraaf 2) wat Tshepo ervaar het? (1)
- 1.6 Watter vaardigheid moet 'n skoenpoetser hê om goeie diens te lewer?
Gee EEN WOORD uit paragraaf 4. (1)
- 1.7 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.
- Die geheim van 'n suksesvolle besigheid is om ...
- A probleme as tekens van mislukkings te sien.
B ontevrede klante in jou besigheid te hê.
C eers te wag tot daar groot probleme is.
D jouself te leer ken en altyd te vertrou. (1)
- 1.8 Tshepo kan oor meer dinge as net oor besigheid gesels.
- 1.8.1 Sê of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 1.8.2 Gee 'n rede uit die teks vir jou antwoord by VRAAG 1.8.1. (1)
- 1.9 Hoe verskil Tshepo se klante in die week van die klante oor die naweek? (2)
- 1.10 Die titel van die teks is:
- HOU DIE BLINK KANT BO**
- 1.10.1 Gee die letterlike betekenis van die titel. (1)
- 1.10.2 Gee die figuurlike betekenis van die titel. (1)

[13]**EN**

VRAAG 2: STROOIBILJET

- Lees die onderstaande strooibiljet en beantwoord die vrae.

INTERNASIONALE DAG VIR BEJAARDES: 1 OKTOBER

Ons is dankbaar teenoor ons bejaardes vir hulle bydraes om Suid-Afrika op te bou soos ons die land vandag ken. Sonder hulle dissipline en harde werk sou ons land nie gewees het waar dit vandag is nie. Ons kan nie sonder hulle wysheid en ervaring die toekoms aanpak nie.

Ons sê aan ons senior burgers:

ONS RESPEKTEER U EN WIL AAN U
DIE ERKENNING GEE WAT U VERDIEN

Ons vra alle Suid-Afrikaners:

- Beskerm ons bejaardes teen diskriminasie.
- Sorg dat bejaardes veilig voel en nie mishandel word nie.
- Verseker dat bejaardes pensioene en mediese hulp ontvang.

**ONS SALUEER AL
SUID-AFRIKA
SE BEJAARDES!**

Minister van Gesondheid

Strooibiljet is opgestel in opdrag van die Departement van Gesondheid.

[Verwerk uit: *Beeld*, 1 Oktober 2003]

VRAE:

- 2.1 Watter EEN WOORD sê dat mense regoor die wêreld die Dag vir Bejaardes vier? (1)
- 2.2 Voltooi: In hierdie strooibiljet sê ons vir ons bejaardes hoe dankbaar ons is, want hulle het (1)
- 2.3 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK?
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.
Volgens die teks het die bejaardes ...
- | | | |
|---|-------------------------------|-----|
| A | min bygedra tot Suid-Afrika. | |
| B | 'n gebrek aan selfdissipline. | |
| C | jare se wysheid en ervaring. | |
| D | swak dissipline openbaar. | (1) |
- 2.4 Teen watter TWEE misdade moet ons ons bejaardes beveilig? (2)
- 2.5 **ONS SALUEER AL SUID-AFRIKA SE BEJAARDES!**
Wat is die figuurlike betekenis van hierdie sin? (1)
- 2.6 Watter staatsdepartement het hierdie strooibiljet versprei? (1)

[7]

EN

VRAAG 3: STROKIESPRENT

- Lees die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: Sarie, 6 November 1996]

WOORDEBOEKGEBRUIK

bleek'siel s.nw. (-e) Oninteressante, swak persoon. Eng.: nerd. IsiZulu: ukubambelela emasikweni. Sesotho: sekoa.

[Uit: *HAT* en *TWEETALIGE WOORDEBOEK*]

VRAE:

3.1 Wat doen Marie gewoonlik Saterdaggaande? (1)

3.2 Kies die KORREKTE woord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte woord neer.

As Marie vir Jan 'n **bleeksiel** noem, beteken dit dat sy hom (prys/beledig) (1)

3.3 Waarom kan ons sê dat Marie en haar ma 'n goeie verhouding het? Gee jou eie opinie. (1)

3.4 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK?
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

In prentjie 5 is Marie ...

- A kwaad.
- B jaloers.
- C sarkasties.
- D eerlik. (1)

3.5 Met watter EEN WOORD som Linda haar aand op? (1)

3.6 Pas die beskrywing van Marie se reaksie in KOLOM B by die korrekte prentjie in KOLOM A.

KOLOM A	KOLOM B
3.6.1 Prentjie 9	A sprakeloos
3.6.2 Prentjie 10	B nuuskierig
3.6.3 Prentjie 11	C onseker

(3)
[8]

EN

VRAAG 4: VISUELE GELETTERDHEID – ADVERTENSIE**VRAE**

- Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg.



[Verwerk uit: *Huisgenoot* Pols, Lente 2007]

4.1 Waarom is “**SPUIT**” in hoofletters gedruk? (1)

4.2 Die aanspuit van die pleister is vir die seuntjie 'n positiewe ervaring.
Watter liggaamstaal van die seuntjie wys dit? (1)
[2]

TOTAAL AFDELING A: 30

EN

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 5**

- Som die SEWE lesse op wat die lewe vir Kass Naidoo geleer het.
- Skryf hierdie lesse in SEWE volsinne neer.
- Skryf jou sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming moet 70 woorde wees.
- Skryf die getal woorde van jou opsomming aan die einde neer.

'n Mens kan baie wyse woorde by vername mense leer. Die belangrikste hiervan het ek by Ali Bacher gehoor: "Wees eerder 'n spesialis as iemand wat net genoeg van alles weet." Hiërdie woorde het ek as krieket-kommentator toegepas en dit het my gebring waar ek vandag is.

Vir my is elke geleentheid 'n kans om iets nuuts te leer. Dit is maar hoe 'n mens ondervinding in die lewe opdoen. Uit positiewe en negatiewe ervarings kan jy iets nuuts leer.

As openbare figuur kan dit dikwels gebeur dat jy onseker is oor wat jy moet sê en hoe jy moet optree. Dit moet jou nie benoud maak nie. Erken en benut jou onsekerheid op 'n konstruktiewe manier. Dít het my al baie keer gehelp.

Baie mense wil weet hoe om sukses te behaal in hulle beroepe. Ek het geleer dat jy bereid moet wees om hard te werk. Dit het bygedra tot my suksesresepte as vroulike krieketkommentator in 'n beroep vol mans.

KASS NAIDOO

**Dít het die lewe
my geleer**



**Wat maak Kass Naidoo
so spesiaal?
Sy is Suid-Afrika se
enigste vroulike
TV-krieketkommentator.
Tydens 'n motiverings-
praatjie het Kass oor haar
suksesresepte gepraat.**

Om 'n suksesvolle krieketkommentator te wees, vra heelwat beplanning en organisasie. Die fout wat 'n mens kan maak, is om oorgeorganiseer te wees en ontspanning in te boet. Ek het hierdie probleem oorkom deur beplanning en pret in my lewe te balanseer.

In my beroep, soos in enige ander een, is humor net so belangrik soos goeie kennis van krieket. Ek het iewers gelees jy moet altyd jou werk ernstig opneem, maar nie jouself nie.

Teken die wenlopies in jou beroep aan:
Wees altyd met net jou beste tevrede!

[Verwerk uit: Sarie, Oktober 2007]

TOTAAL AFDELING B: 10

EN

AFDELING C: TAAL**VRAAG 6: WOORD- EN SINSTRUKTURE**

- Voltooi die dialoog in die linkerkantste kolom met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

SPIDERMAN

**Hy's die koning van klouter
en die prins van spin –
en hy's ná twee jaar terug
om ons van die bose te red.**

[Uit: *Huisgenoot*, 8 Julie 2004]

Joan:	Ek hou van <i>Spiderman</i> -flics omdat dit so (6.1 span) is.	6.1	Gee die korrekte vorm van die woord.
Andy:	Het jy geweet? Tobey Maquire wat die rol van <i>Spiderman</i> speel, het amper nie in <i>Spiderman 2</i> gespeel nie, omdat hy (6.2 van/aan/met) rugpyn gely het.	6.2	Kies die korrekte voorsetsel.
Joan:	Peter Parker of <i>Spiderman</i> wou niemand aanval nie; hy wou net hom en sy gesin (6.3 aanval).	6.3	Gee die antoniem.
Andy:	Peter Parker het 'n baie treurige (6.4 kind + lewe) gehad. Sy (6.5 ma en pa) is vroeg oorlede.	6.4 6.5	Vorm 'n samestelling. Gee EEN woord.
Joan:	Ja, en toe moes sy (6.6 streng) oom en tante hom grootmaak.	6.6	Gee die sinoniem.
Andy:	Ek sal <i>Spiderman</i> enige plek (6.7 herken/erken/verken) aan die spinnerakke aan sy polse.	6.7	Kies die korrekte woord met die hulp van die woordeboek.

er•ken' ww. (-) **1** Insien en toegee. *Ek erken dat jy reg het. 'n Erkende feit.*
her•ken' ww. (-) **1** Weer ken; eien: *Na baie jare kon ek my ou vriend nog herken.* **2** Identifiseer, uitken: *Ek het die inbreker herken.*
ver•ken' ww. (-) **1** 'n Terrein bespied, bestuur om inligting oor die vyand te verkry: *Die vyandelike kamp verken.* **2** Jou op hoogte bring van 'n saak: *Ek het die firma eers goed verken voor ek die pos aanvaar het.*

Joan:	Ek ook. In die sestigerjare kon die kinders met hom (6.8 identiteit) omdat hy ook jonk was.	6.8	Gee die korrekte vorm van die woord.
Andy:	En almal wou graag soos hy (6.9 vinnig) teen 'n muur kon uitklim.	6.9	Gee die intensiewe vorm.
Joan:	Dit was mos 'n ou klein (6.10 spinnekop) wat hom gebyt het.	6.10	Gee die verkleinwoord.
Andy:	Jy's reg. Daarna kon almal sien (6.11 hom/sy/hy) kragte is bo-natuurlik.	6.11	Kies die korrekte voornaamwoord.
Joan:	My ma is nou (6.12 (50)) jaar oud. Sy sê <i>Spiderman</i> was ook haar held.	6.12	Skryf die getal (50) in woorde.
Andy:	Dis moontlik, want die eerste <i>Spiderman</i> -strokiesverhaal het in 1962 verskyn. Dis 46 jaar (6.13 verlede/gelede/oorlede)!	6.13	Kies die korrekte woord.
Joan:	Woon Tobey Maquire (6.14 oorsee/oorseeë)?	6.14	Kies die korrekte spelling.
Andy:	Ja, hy woon in die (6.15 Verenigde State van Amerika).	6.15	Gee die korrekte afkorting.
Joan:	Hy is dus 'n (6.16 Amerika).	6.16	Gee die korrekte vorm van die woord.
Andy:	Het jy geweet dat Tobey teenoor die (6.17 akteur), Charlize Theron, in <i>Seabiscuit</i> gespeel het?	6.17	Gee die vroulike vorm van die woord.
Joan:	Nee, ek ken nie al die fliks (6.18 in + wat) Charlize speel nie.	6.18	Gee die korrekte vorm van die woord.
Andy:	Wel, Tobey sê hy sien uit (6.19 aan/na/vir) 'n rol waarin hy 'n skurk kan wees.	6.19	Kies die korrekte voorsetsel.
Joan:	Ja-nee! Ek het juis so baie van sy (6.20 speel) in sy nuutste fliek gehou.	6.20	Gee die korrekte vorm van die woord.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 8 Julie 2004]**[20]**

- Voltooi die sinne in die linkerkantste kolom met die hulp van die leidrade in die regterkantste kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die volledige sinne in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Fietas is 'n woongebied waar baie kultuurgroepe saamwoon. Omdat vullis en misdaad in Fietas 'n probleem is, het die inwoners nou besluit ...

WEG MET VULLIS EN MISDAAD!!

(6.21 Die wet op aparte woongebiede skei die gemeenskap.)	6.21	Skryf in die verlede tyd. (1)
(6.22 'n Nuwe gemeenskap het twalf jaar later weer ontstaan.)	6.22	Skryf die stelsin oor as 'n vraag van die antwoord wat vetgedruk is. (1)
Die gemeenskap (6.23 beskerm nou hulle kultuur en identiteit). Hulle wil hê die inwoners moet trots op hulle woonbuurt wees; daarom (6.24 hulle het Projek Vullis aangepak).	6.23	Skryf in die toekomstige tyd. (1)
Die inwoners van Fietas maak nou self skoon. (6.25 Hulle vee die strate van bo tot onder.)	6.24	Gee die korrekte woordorde. (1)
Die organiseerders van Projek Vullis het gevoel almal behoort (6.26 mekaar help). Cindy Grobbelaar, die raadslid van Fietas, sê dat (6.27 "Oud en jonk het uit hulle huise gestroom om te help.")	6.25	Skryf in die lydende/passiewe vorm. (1)
Hierdie skoonmaaksessie het ook gelei tot <i>Act Against Crime Together</i> . (6.28 Die leiers van die gemeenskap het hierdie aksie ondersteun.) Misdadigers moet kies of hulle tronk toe wil gaan en of hulle (6.29 in Fietas se strate/hard/vir drie dae) wil werk.	6.26	Voltooi in die infinitief. (1)
Sedert <i>Act Against Crime Together</i> begin is, het seshonderd misdadigers verkies om (6.30 die besem optel).	6.27	Skryf in die indirekte rede. (1)
Omdat (6.31 Die misdadigers wil weer 'n vaste werk hê.) (Hulle vra om in die rehabilitasieprogram te wees.)	6.28	Skryf in die lydende vorm. (2)
Die projek sal (6.32 nog werk as jy 'n pleister oor die misdaad plak).	6.29	Gee die korrekte woordorde. (1)
	6.30	Voltooi in die infinitief. (1)
	6.31	Verbind die twee sinne en gebruik die korrekte puntuasie. (3)
	6.32	Skryf in die ontkennde vorm. (2)

[Verwerk uit: *Rapport*, 31 Augustus 2003 en 16 September 2007] **[16]**

VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID – SPOTPRENT

- Lees die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae.



[Aangepas uit: *Huisgenoot*, 10 Oktober 2007]

VRAE:

- 7.1 Wat beteken die uitdrukking “tot die dood ons skei”? (1)
- 7.2 Waarvoor sal ons die uitdrukking “lewenslank sonder parool” eintlik gebruik? (1)
- 7.3 Beskryf Nols se houding teenoor sy huwelik in EEN WOORD. (1)
- 7.4 Watter stereotipering vind ons in die dialoog van hierdie spotprent? (1)
- [4]**

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80